# God Weet Van Jou




**2026-08-30**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

## Psalm 139 – Die Goddelike alwetenheid

1 Vir die musiekleier. 'n Psalm van Dawid. HERE, **U deurgrond en ken my.**
2 U ken my **sit en my opstaan**; U **verstaan van ver my gedagte**.
3 U deurvors my **gaan en my lê**, en U is met **al my weë goed bekend**.
4 Want daar is nog geen **woord op my tong** nie—of U, HERE, U ken dit **geheel en al**.
5 U **sluit my in** van agter en van voor, en **U lê u hand op my**.
6 Om dit te begryp, is **te wonderbaar** vir my, te hoog: ek kan daar nie by nie.

- **Die Here het perfekte kennis van ons.**
- **All ons aksies (van binne en van buite) is by die Here bekend.**

**Mat 5:28 * Mat 15:18 * Ps 33:14 * Ps 17:3**

**II Kron 16: 9 want die HERE — sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is;**



# Psalm 139: 7-16

7 Waar sou ek heengaan van u Gees en **waarheen vlug van u aangesig**?
8 Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!
9 Neem ek die vleuels van die dageraad, gaan ek by die uiteinde van die see woon,
10 ook daar sou u hand my lei en u regterhand my vashou.
11 En as ek sê: Mag tog net die duisternis my oorval en die lig nag wees tot my beskutting,
12 **dan is selfs die duisternis vir U nie donker nie, en die nag gee lig soos die dag**, die duisternis is soos die lig.
13 Want U het my niere **gevorm**, my in my moeder se skoot **geweef**.
14 Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my **siel** weet dit alte goed.
15 My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.
16 U oë het my ongevormde klomp gesien; en **in u boek is hulle almal opgeskrywe**: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.

## God se kosbare gedagtes oor ons.

Ps 139:17 Hoe kosbaar is dan vir my **u gedagtes, o God**! Hoe geweldig is hulle volle som nie!
Ps 139:18 Wil ek hulle tel, hulle is meer as die sand; word ek wakker, dan is ek nog by U.




## Deursoek my hart en gedagtes Here

Ps 139:23 Deurgrond my, o God, en **ken my hart**; toets my en ken my gedagtes;
Ps 139:24 en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!



# God Weet Van Jou!



Ef 1:4 soos Hy ons in Hom **uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld** om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,
Ef 1:5 deurdat Hy ons **voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus**, na die welbehae van sy wil,